# Gesels saam

GRAAD 4-6

## WELKOM

Laat die jongmense 'n "maklike instruksie"-speletjie speel. Elkeen kry 'n kans om 'n dobbelsteen te gooi. Hy of sy moet dan die instruksie uitvoer wat by die ooreenstemmende getal op die kaartjie staan. As 'n jongmens nie die instruksies kan uitvoer nie, moet hy of sy ten minste een keer probeer.

As julle 'n groot groep is, kan julle in kleiner groepe verdeel. Jy kan jou eie instruksies opmaak, maar hier is 'n voorbeeld vir getalle een tot ses:

1. Noem enige boek van die Bybel.
2. Noem sewe karakters waarvan 'n mens in die Bybel lees.
3. Doen die dans wat Noag sou doen toe dit opgehou reën het.
4. Maak soos die haan wat gekraai het toe Petrus vir Jesus verloën het.
5. Sê die boeke van die Bybel agteruit op.
6. Sê die hele Psalm 23 uit jou kop op.

## WONDER

Vandag lees ons 'n verhaal van 'n siek man wat eenvoudige instruksies gekry het om te volg sodat hy gesond kon word.

Lees 2 Konings 5:1-15 saam.

Gesels saam:

- Hoe tree die naamlose dogtertjie in die verhaal op?
- Hoekom was haar optrede onverwags?
- Vertel vir die groep van 'n keer wat jy gevoel het jy kan iemand help, maar toe te skaam of te bang was om dit te doen.
- God gebruik selfs mense wat ander mense dink onbelangrik is. Vertel vir mekaar van 'n keer wat jy gesien het dat God 'n onverwagte persoon gebruik het.

## WEES

Toe Naäman genees is, het hy besef wie God is en hy het die volgende belydenis gemaak: “Kyk, ek besef nou dat daar geen God in die hele wêreld is nie, behalwe in Israel!” (2 Kon 5:15).

Skryf jou eie belydenis (net een sin) oor wie God is en dat Hy jou kan gebruik, self al voel jy onbelangrik. Dink dan ’n simbool vir jou belydenis uit. Teken die simbool op ’n ronde plakker en plak dit op jouself as ’n herinnering van wie God vir jou is.

## WEGSTUUR

Plak jou plakker iewers waar jy dit gereeld sal sien. Dit sal jou herinner wie God vir jou is en dat God jou ook gebruik om vir ander mense te wys wie Hy is.